

Nederduitsch Hervormde Gemeente Rooihuiskraal



GEDENKMUUR

REGLEMENT

Die Nederduitsch Hervormde Kerk, Gemeente Rooihuiskraal (hierna genoem die Kerk), rig volgens planne wat deur die Stadsraad van Tshwane goedgekeur is, 'n gedenkmuur op erf 3251, The Reeds X9, op.

Genommerde nisse in die muur word aan goedgekeurde aansoekers verkoop met die uitsluitlike doel om die veraste oorskotte van afgestorwe persone daarin te bewaar.

Aansoekers neem daarvan kennis dat die bewaring van veraste oorskotte geskiet kragtens die bepalings van Krumatoriumordonansie, Nommer 18 van 1965 (soos gewysig) en Administrateurskennisgewing 1156 van 1968, wat saam gelees moet word met Hoofstuk 3 van die Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes (Wet 51 van 1992)(soos gewysig).

Besitreg van nisse

1. Die Kerk behou die reg voor om aansoeke vir nisse in die gedenkmuur te keur. Slegs aansoeke op voorgeskrewe aansoekvorms sal oorweeg word. Die Kerk se besluit is finaal.
2. Lidmate en/of hul naasbestaandes van die Kerk, geniet voorrang in die oorweging en goedkeuring van aansoeke.
3. Slegs 'n bepaalde persentasie van die bestaande nisse in die gedenkmuur sal na goeddunke van die kerkraad aan lidmate van ander Christelike kerke, wat op dieselfde geloofsbelydenis as die Nederduitsch Hervormde Kerk staan, toegeken word.
4. Wanneer 'n aansoek om 'n nis te koop, goedgekeur en toegeken is, betaal die koper 'n eenmalige bedrag vir die nis en 'n marmarblad, wat as grafsteentjie dien en die nisopening moet bedek.

5. Besitreg ten opsigte van elke nis sal met 'n amptelike sertifikaat, deur die Kerk uitgereik, bevestig word. Nisse sal in die naam van die aankoper gereserveer word. Daarvoor sal die Kerk 'n ouditbare register in stand hou.
6. Besitreg is nie verhandelbaar nie, behalwe aan die Kerk self.

Aanspreeklikheid van die Verkoper

1. Die Kerk word as die verkoper geag.
2. Die verkoper onderneem om nisse volgens registernommers aan goedgekeurde aansoekers toe te ken.
3. Die verkoper onderneem om instandhouding aan die gedenkmuur en die onmiddellike terrein te behartig. Opsetlike saakbeskadiging, skade weens misdadige optredes en bo-natuurlike gebeure (vis major), is as gewone instandhouding uitgesluit.
4. Die Kerk onderneem om aan naasbestaandes/besoekers van oorledenes, wie se veraste oorskotte in die nisse bewaar word, ongehinderde toegang tydens besoekure tot 'n nis te verleen, met inagneming van veiligheidsrisiko's van sowel besoekers as geboue en ander strukture op die genoemde erf.

Aanspreeklikheid van die Koper en/of Naasbestaandes

1. Die veraste oorskot van die koper of sy/haar naasbestaande mag in die nis bewaar word. Die afmetings van die kisse waarin die veraste oorskot bewaar word kan nie die volgende oorskry nie:
Lengte: 21 cm Breedte: 10 cm Hoogte: 10.5 cm
2. Die veraste oorskot van hoogstens een persoon mag in 'n nis bewaar word.
3. 'n Reeds verseelde nis mag alleenlik met vooraf toestemming van die Kerk en kragtens die bepalings van die bestaande wetgewing en ordonansies, geopen word. Volledige redes en motivering vir die heropening moet op aanvraag verstrekkend word.
4. Kopers en/of hul naasbestaandes is aanspreeklik vir die koste en aanbring van inkripsies op die eenvormige marmer grafsteentjies voor nisse.
5. Inskripsies op die grafsteentjies sal aan aanvaarbare standarde voldoen en sal nie aanstoot gee of die estetika beïnvloed nie.
6. Geen veranderinge aan die gedenkmuur, of enige deel daarvan, of die estetiese voorkoms van die omgewing mag aangebring, of op enige wyse geskaad word nie.
7. Herstelwerk aan die gedenkmuur, wat nodig geag word weens opsetlike skade, sal onderhewig en bindend wees aan 'n hofbeslissing binne die Tswanelanddrosgebied.

Aankoopprys en ander koste

1. Die aankoper koop 'n nis aan teen R1 000, waarin die veraste oorskot van een persoon bewaar mag word.
2. Op aanbeveling van die Kerk se Finansiële komitee, bepaal die kerkraad jaarliks die prys vir nisse. Die prys sal ook jaarliks op 1 Maart verhoog word.
3. Koste vir inskripsies op die marmer grafsteentjies, wat die nisse se openinge bedek, word deur kopers of hul naasbestaandes gedra.
4. Inskripsies moet geskied volgens riglyne wat by die kerkkantoor beskikbaar is.

Besoektye aan die Gedenkmuur

1. Tydens kantoorure - Maandae - Vrydae 08h30 tot 13h00
- Sondag by geleentheid van oggend- en aandere dienste soos deur die kerkraad bepaal.
2. Navrae kan gerig word aan: Die Administratiewe Beampte by die kerkkantoor
Telefoon: (012) 657 1281
Faks: 086 547 2927 (Let op ure)